

**Skriflesing:** Openbaring 6: 1- 8Teks: **Openbaring 6: 2a, 4a,5b,8a**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 68:2****TYDENS EREDIENS- Ps. 89:1,10; Ps. 86:3,6; Ps. 91:1,8; Sb.7-1 (31):2,3****Openbaring 6: 1- 8****Rev 6:1** Ek het gesien toe die Lam die eerste van die sewe seëls oopmaak; en ek het een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die knal van 'n donderslag: "Gaan uit!"**Rev 6:2** **Ek het gesien: daar was 'n wit perd.** Sy ruiter het 'n pyl en boog gehad. 'n Oorwinnaarskroon is aan hom gegee, en hy het as oorwinnaar uitgegaan om nog verder te oorwin.**Rev 6:3** Toe Hy die tweede seël oopmaak, het ek die tweede lewende wese hoor sê: "Gaan uit!"**Rev 6:4** **Daar het 'n ander perd, 'n vuurrooie, uitgegaan.** Aan sy ruiter is opdrag gegee om die vrede van die aarde af weg te neem, sodat die mense mekaar sal uitmoor. 'n Groot swaard is aan hom gegee.**Rev 6:5** Toe Hy die derde seël oopmaak, het ek die derde lewende wese hoor sê: "Gaan uit!" **Ek het gesien: daar was 'n swart perd. Sy ruiter het 'n skaal in sy hand gehad.****Rev 6:6** Toe het ek iets soos 'n stem by die vier lewende wesens hoor sê: "Net een skeppie koring vir 'n dagloon en net drie skeppies gars vir 'n dagloon. Maar moenie die olyfolie en die wyn bederf nie."**Rev 6:7** Toe Hy die vierde seël oopmaak, het ek die stem van die vierde lewende wese hoor sê: "Gaan uit!"**Rev 6:8** **Ek het gesien: daar was 'n vaal perd.** Sy ruiter se naam was Die Dood, en die doderyk het agter hom aan gegaan. Aan hulle is mag oor 'n kwart van die aarde gegee om die mense dood te maak met die swaard en met hongersnood en met pes en deur die wilde diere van die aarde.**Skriflesing:** Openbaring 6: 1- 8Teks: **Openbaring 6: 2a, 4a,5b,8a**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 68:2****TYDENS EREDIENS- Ps. 89:1,10; Ps. 86:3,6; Ps. 91:1,8; Sb.7-1 (31):2, 3**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die boek met die seëls in die regterhand van Hom wat op die troon sit, word nou die een na die ander oopgebreek. 'n Boek vol geskrywe, vóór en agter en een van die ouderlinge het ons verlede Sondag gehoor het die groot aankondiging gemaak dat *die Leeu uit die stam van Juda, die Afstammeling van Dawid*, Hy het reeds die oorwinning behaal en Hy kan die boek met die sewe seëls oopmaak (vgl. Op 5:5). Daar is groot vreugde in die hemel as hierdie aankondiging gemaak word. So duidelik wil Openbaring 5 die grootste lof wat alleen Jesus Christus toekom van alle kante bekendmaak. Die vier lewende wesens wat dui op die skepping in alle rigtings met die verteenwoordiging van wilde diere, mak diere, die mens, die voëls, is meegevoer. Dan in besonder die Kerk van die Ou en Nuwe verbond, afgebeeld in 24 ouderlinge, 12 stamme van Israel, 12 apostels uit die Nuwe Testament, dit is 24 ... hulle kan ons sê is musikaal meegevoer. Ons lees in verse 8 en 9 van Openbaring 5: *Elkeen van hulle het 'n siter gehad en 'n goue bak vol wierook, die gebede van die gelowiges. 9 Toe sing hulle 'n nuwe lied...*

Gebed en sang, met dan elkeen ook die besondere musikale instrument is waarmee hulle na ons aankom en die woorde van hulle lied is nuut en óók so ryk en tog is dit op elke gelowige van

toepassing as Johannes hulle kon hoor sing- *“U is waardig om die boek te neem en die seëls daarvan oop te maak omdat U geslag is en met u bloed mense vir God losgekoop het uit elke stam en taal en volk en nasie. 10 U het hulle 'n koninkryk en priesters vir ons God gemaak en hulle sal oor die aarde regeer.”*

In Sondag 12 van die Kategismus word daar so duidelik ook van jou en my as konings en priesters gepraat ... Die vraag is eenvoudig -Vraag 32- ***Waarom word jy 'n Christen genoem? En dan die besondere antwoord- Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is en daardeur deel aan sy salwing het sodat ek sy Naam kan bely, myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duivel kan stry en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer.***

Priesterlik antwoord ons dat ons onself as lewende dankoffers aan God moet kan toewy en koninklik is ons bereid om die stryd te stry as ons ook bely- dat ek in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duivel moet kan stry ... Ons belydenis bevestig wat God ons gemaak het, in Christus is ons gesalf tot profete, priesters en konings... op hierdie aarde moet elke gelowige dit elke dag vir God wees ... 'n profeet, 'n priester, 'n koning. Ons beseef as Openbaring dan ook sê ... *U het hulle 'n koninkryk en priesters vir ons God gemaak en hulle sal oor die aarde regeer”*, dan word in Openbaring 6 in besonder die fokus op die aarde ingestel.

\*\*\*

Ons sien dat die eerste vier seëls in noue samehang met die aardse dinge na vore kom. Hierdie eerste vier seëls openbaar alles wat op die aarde aan die gang is terwyl God se kinders ook op hierdie aarde is. Opmerklik dat die vier lewende wesens met die oopbreek van die eerste seëls na vore kom, ja hulle wat die skepping verteenwoordig wys eerstens hoe daar in God se skepping die eerste van seëls oopgebreek word. Waar ons in Christus kan lewe en vir Hom koning, priester en profeet moet wees laat Openbaring 6 met die breek van elke seël wat klink soos die knal van 'n donderslag en die opdrag is nie om weg te kruip nie – maar die opdrag is, *gaan uit...* In hierdie wêreld is ons deel van die uitgaan van dinge want dit nie sal help ons probeer in 'n hoekie wegkruip en van die vreeslike dinge onself af te sluit nie. Dit sal nie moontlik wees nie!

God se dade is dinge waaroor ons nie mag stilbly nie, God stuur ons uit dat ons moet uitgaan en sy werke moet uitdra. *Gaan uit ...!* Daarmee mag ons nie ophou nie, al sal later die sewe basuine ook blaas, die basuine of trompette wat dui op hoe hard en duidelik God dinge laat gebeur, dinge gebeur skielik en vinnig, na die sewe trompette is daar ook sprake van sewe bakke of skale wat op die aarde uitgegier sal word en dit wys op die omvang en die grootsheid van gebeure, dis nie speletjies as God in sy toorn die mensdom en die skepping tref nie.

So sien ons die lyn in Openbaring wat elke keer wys op dieselfde groot dinge wat gaan gebeur, maar die intensiteit en die spoed, ook die omvang waarmee dinge gebeur bou op en bou op; dit is asof alles tot 'n punt gebring word waar ons die omvang nooit sal kan saamvat nie. Die sewe kerke en dan die sewe seëls en dan die sewe trompette en dan die sewe bakke is alles deel van hierdie aarde wat 'n werklikheid uitbeeld waarmee daar voortdurend mee rekening gehou sal moet word, al wil ek dalk hiervan wegkom, maar ek kan nie! Ek moet hiermee in die wêreld uitgaan en dit duidelik maak want God het jou en my sy profete gemaak.

\*\*\*

As profete sien ons saam met Johannes die oopbreek van die eerste seël ... *Ek het gesien: daar was 'n wit perd. Sy ruiter het 'n pyl en boog gehad. 'n Oorwinnaarskroon is aan hom gegee, en hy het as oorwinnaar uitgegaan om nog verder te oorwin.* Soos Sagaria in 8 naggestigte ook in sy eerste gesig perde gesien het, perde wat die ryke simboliek dra van dit hardloop oor die aarde so is die laaste Bybelboek nie los te maak van wat Sagaria gesien het nie. Sagaria 1:8- *8 Ek het in die nag 'n gesig gesien. Daar het 'n man op 'n bruin perd gesit. Hy was tussen die mirtestruike in 'n diep kloof, en agter hom was ruiters op bruin en vos en wit perde ...* En as Sagaria by sy laaste naggestig kom dan is daar weer perde, maar dit is perde ingespan in strydwaens ... Sagaria 6:1-3: *1 Ek het weer 'n gesig gesien. Daar was vier strydwaens wat tussen twee berge uitgekome het, berge van koper. 2 Voor die eerste strydwa was bruin perde en voor die tweede swartes. 3 Voor die derde was wit perde en voor die vierde skimmels.*

Aangrypend sonder dat ons nou vandag in besonderhede in Sagaria se naggestigte sal kan ingaan is dat Sagaria se laaste naggestig met die perde in strydwaens ingespan wys op perde wat in verskillende windrigtings gaan ingaan en wys op groot stryd wat dwarsoor die wêreld gaan plaasvind. Sagaria 6 vers 5 beklemtoon dit- *5 Hy het vir my gesê: "Die strydwaens het gestaan*

*voor Hom aan wie die hele aarde behoort. Nou gaan hulle in die vier windrigtings. 6 Die strydwa met die swart perde gaan noord, dié met die wittes gaan agterna, en dié met die skimmels gaan suid.”* Wanneer Sagaria se naggestig en Johannes se hemelse gesig tegelyk voor ons kom dan het ons die voorreg om in Openbaring die wit perd eerste vooraan te sien. Ja, na die wit perd is die rooi perd, dan die swart perd en ook die vaal perd is tekens van dinge wat hierdie wêreld ’n swaar plek maak. Ja, sommige kommentatore wil daarom al vier perde in die konteks plaas van perde wat verwoesting in ons lewens en die wêreld kan aanrig. So is daar gereformeerdes wat daarom die wit perd en en ook sy ruiter deursien as Satan oploop in die persoon van die valse profeet wat Christus altyd wil na-aap en daarom wil hy met sy pyl en boog eintlik groot skade aanrig. Hy maak of hy koning in hierdie wêreld is, sy oorwinnaarskroon is dan die skyn van oorwinning om in sy bese veldtog net nog meer heidene vir homself te wen. Inderdaad praat Johannes van hierdie ruiter wat uitgaan om net nog verder te oorwin... Satan is inderdaad ’n tipe aardse koning wat daarin slaag om homself koning in baie dinge te maak. Om mense in hulle geloof seer te maak, te laat twyfel, ja sy pyl en boog skiet bitterheid en wanhoop en baie seerkry die lewe in. Valse profete is daar baie in hierdie wêreld en net so volop is valse kerke wat so baie mense reeds mislei het.

Tog wil ek myself by die verklaring voeg, heeltemal teenoorgesteld as wat die vorige is, sonder om die ander verklaring heeltemal as belaglik af te maak. (Eendag sal ons weet wat die waarheid is, nou nog weet ons nie alles nie en tas ook maar dikwels rond in die verstaan van dinge.) Die verklaring wat vir my aangryp is om voordat daar nog enige verskriklike verwoesting in die wêreld ter sprake kom is om nie vir Satan en die valse profeet nie, maar die werklike Oorwinnaar Jesus Christus aan die werk te sien. Hy verdien die oorwinnaarskroon daarom dat Hy dit ook dra.

Dis dan nie Christus self op die perd nie, want Hy is die Lam van God, tegelyk die Leeu, ja Christus is die Één wat die seëls oopbreek, daarom kan ons Hom nie skielik tegelyk “ruiter” ook maak nie, maar die ruiter wat op die wit perd verpersoonlik word, is die Evangeliewoord van God wat in hierdie wêreld moet uitgaan nog vóór enigiets anders ter sprake kan kom. Die “ruiter” hou ’n boog vas en Hy skiet pyle uit. Ja, die Evangeliewoord moet heeltyd in die wêreld soos pyle uit ’n boog die wêreld ingeskiet word. Dit sluit direk by Christus se profetiese rede ook

aan, Matt. 24:14, waar Christus dit baie duidelik maak dat die Evangelie eers aan die hele wêreld verkondig sal word voordat die einde kom.

\*\*\*

As dit kom by die rooi perd dan praat gereformeerdes uit een mond. Baie duidelik is bloedvergiëting en die verskriklikste van oorloë alles in die perd en sy ruiter afgebeeld. Spesifiek word die perd 'n vuurrooi perd genoem want wapentuig vergiet nie net mensebloed die wêreld deur nie, maar dit gaan gepaard met die afvuur van wapens. Die verskriklikste van wapens wat mense maak om mekaar daarmee dood te maak, wapens wat bloed moet laat vloei.

Johannes hoor in die perd se hoof gedreun dat sy ruiter het die opdrag om die vrede op die aarde weg te neem. Mense moet mekaar kan uitmoor, ja hy dra ook 'n lang swaard. Wanneer ons binnekort Kersfees vier word ons weer herinner aan die engele sang die Kersnag... Lukas 2 vers 14 sing 'n menigte engele daardie nag- 14 *“Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!”* Die engele sang en dit wat Johannes nou sien laat ons beseef *vrede op aarde* is alleen 'n vrede wat in Christus jonne en myne kan wees. Vrede is geen aardse item nie! Mense kan dit ook uit hulleself nie bewerk nie. In die aardse werklikheid word die vrede weggevat as mense nie in Hom wat Christus is hulle lewens met Hom wil vul nie.

\*\*\*

Want die volgende perd wat ons sien as 'n swart perd dra weer 'n ander werklikheid hierdie lewe in. Hier rondom hoor ons ... *Sy ruiter het 'n skaal in sy hand gehad. 6 Toe het ek iets soos 'n stem by die vier lewende wesens hoor sê: “Net een skeppie koring vir 'n dagloon en net drie skeppies gars vir 'n dagloon. Maar moenie die olyfolie en die wyn bederf nie.”* Dit is duidelik hierdie perd en hierdie ruiter het met die wêreld se ekonomie en dit wat ons beursies en jou en my bankrekening raak geen welvaart-boodskap nie. Die onding van baie moderne kerke en teologieë, met so dikwels 'n charismatiese aanslag wat jou wil laat glo ekonomiese welvaart is dit wat 'n besondere tipe geloof vir jou kan skep. Ek moet net 'n sterk genoeg geloof hê dan sal ek nie finansiële swaarkry nie. Daar is baie pastore in hierdie wêreld wat vir hulleself paleise gebou het omdat hulle arm mense met die tipe welvaartsteologie so maklik uitbyt. Nie net armes nie, maar word dikwels ook op die meer welvarendes toegeslaan om hulle vir hulle geld in te trek.

Die ruiter met 'n skaal in sy hand kry nie dinge in groot maat gemeet nie. Hongersnode, verswakkende geld-eenhede, stygende kostes, ja ook sekerlik droogtes wat die beursies kan leegmaak. Kos word ontsettend duur en skaars. Die ryk mense sal daar wees, hulle wat sê moenie die wyn en olyfolie bederf nie. Die grootpraters is dikwels die rykes, maar hulle dae kan ook ingekort word en die beursies al platter word. Skommeling op wêreldmarkte en korrupsie in hierdie land van ons het al lankal reeds geen ekonomiese balans meer kon waarborg nie. Om die skade wat ons elektrisiteitstekort skep ook van die swart perd los te maak sal dwaas wees

In ons land is hierby ingesluit die stygende olie en daarmee saam brandstofpryse wat ons die swart perd in groot spoed oor ons land sien hardloop. Kostes is besig om al meer en meer die gewiggie koring en gars wat daar nog op die skaal kon oorbly ook af te skep. 'n Dagloon is skaars genoeg gewees om een mens daaglik te voed, wat van die dae as daar meer monde gevoed moet word. Dan moet mense in plaas van koring maar gars begin eet, dit wat baie aanvanklik gedink het, dit is voer vir perde, nou word gars as mense kos afgeskep.

\*\*\*

En dan kom die vierde lewende wese by die vierde perd wat ook in die wêreld sou uitgaan. Die lewende wese dra iets van 'n boodskap wat jou en my laat besef ook dit is onafwendbaar deel van ons lewe en die wêreld waarbinne ons is. *7 Toe Hy die vierde seël oopmaak, het ek die stem van die vierde lewende wese hoor sê: "Gaan uit!" 8 Ek het gesien: daar was 'n vaal perd. Sy ruiter se naam was Die Dood, en die doderyk het agter hom aan gegaan. Aan hulle is mag oor 'n kwart van die aarde gegee om die mense dood te maak met die swaard en met hongersnood en met pes en deur die wilde diere van die aarde.*

Vir omtrent 2 jaar word daar nie net oor geld boekgehou nie, maar eintlik so ironies rondom Covid-19 word daar van die dood boekgehou. Elke dag kan jy lees soveel en soveel het weer gesterf. Dit klink ook of die Covid-19 in die virus ingebou het nog weer verskillende variante wat dit laat lyk in die virus self word daar baie kleure en soorte van perde oor die wêreld heen losgelaat en kom dit na ons aangehardloop. Die Bybelvertalings praat in Afrikaans van die perd as 'n vaal perd, maar meer letterlik kom die kleur van die perd neer op 'n geelgroen perd. Die liggaamlike kleur van die menslike sterfling is onmiskenbaar die kleur hier ter sprake.

Die Here laat ons met die breek van hierdie vierde seël dit duidelik hoor, dit wat oorloë en hongersnode en rampe aangerig het, is op die einde maar net nog 'n deel van dié wat liggaamlik gedood het. Agter die perd volg nie net die dood en nog weer die doderyk agter die dood nie, want 'n kwart van die aarde kan sterf deur die rooi en die swart perd maar hier hou God se wiskunde nie op nie. Die ander driekwart sal nog lank moet praat oor wat het die twee laaste jare oor die wêreld na ons aangehardloop gekom, weereens sal dit dwaas wees om die perd 'n ander kleur te gee, anders as hoe Johannes dit gesien het.

\*\*\*

Geliefdes, daarom dat ek wil glo die eerste perd, dié wit perd wat die kleur dra van reinheid en skoonheid, ook die oorwinnaarskroon staan uit, ek kry swaar om te aanvaar dit is ook maar nog weer satan aan die werk. Ja, satan neem dikwels die voortou en waartoe die duiwel in staat is, is sekerlik verbysterend, dit moet ons die verklaarders gelyk gee wat al 4 perde as verwoestende perde oor die wêreld heen sien hardloop. Maar as ons die wit perd sien as Christus wat die ander perde voorafgaan en Christus plaas op hierdie perd die evangeliewoord en die boog van die Heilige Gees is in staat om die pyl van die evangelie diep in baie harte in te skiet dan kan die ander perde maar kom. In Openbaring 19 vers 11 kan daar in alle geval nie twyfel wees nie dat die Een wat daar op die wit perd is, is Hy wat die Christus is. Die troon staan steeds sentraal. Dit mag ons nooit vergeet nie! Al is daar hoeveel vervolging en oorloë en honger in hierdie wêreld, die wêreld se ellende is baie groot maar die oorwinning in Christus is gewaarborg. Mag dit ons 'n volgende keer bring by die breek van die vyfde seël.

AMEN